

## HOOFSTUK 3

### HENRI J M NOUWEN SE BESKOUIING VAN DIE KONSEP “GEWONDE GENESER”

#### 3.1 Inleiding

In die bespreking vanuit Carl Jung se psigologie blyk dit dat mense hulleself voortdurend in 'n proses van individuasie/transformasie bevind. Sommige mense is bewustelik by hierdie proses betrokke, terwyl ander die proses doelbewus of onbewustelik onderdruk. Pastors se menswees en bediening vanuit die ingesteldheid van gewonde geneser vra vir 'n doelbewuste keuse. Hierdie keuse lei daartoe dat pastors die proses van individuasie ernstig neem. Vir pastors beteken dit dat hulle hulleself sien as mense wat voortdurend in wording is, wat beteken dat hulle hulleself in dinamiese prosesse van innerlike groei en transformasie bevind. Individuasie, groei en transformasie hou in dat mense die lewe met 'n oop ingesteldheid tegemoet gaan en nie met geslote denke nie. Hierdie ingesteldheid tot die lewe hou verband met wat Yolanda Dreyer (2003c:123) in haar refleksie oor Henri Nouwen (1932-1996) se bydrae tot praktiese teologie en veral pastorale sorg, “geleefd leven” noem.

Dykstra (2005c:69-149) plaas Henri Nouwen se refleksie oor die “wounded healer” in die tweede afdeling van sy boek. Hierdie afdeling word “Paradoxical images of care” genoem. Hierdie ervaring van 'n *paradoksale bestaan* van pastors word soos volg verwoord (Dykstra 2005c:69; my beklemtoning):

The authors in this section employ paradox and paradoxical imagery to address the perils and predicaments of pastoral ministry. A number of them juxtapose seemingly contradictory terms in an effort to capture the complex array of *internal conflicts and external role expectations* that routinely beset ministers. The six chapters that follow portray ministers as *personally wounded* yet responding to others as *healers*... In these

essays *a minister's own feelings of doubt and inadequacy* come to the fore but *are viewed less debilitating handicaps than as essential tools of the pastoral trade*. The wounded healer and wise fool in particular stand alongside images of the living human document and solicitous shepherd as arguably the most enduring and influential metaphors for ministry in contemporary pastoral theology.

In hierdie studie word Nouwen beskou as 'n pastor wat op grond van 'n deurleefde spiritualiteit vir ander 'n gewonde geneser kon wees. In hierdie sin kan Nouwen se lewe as 'n "geleefd leven" beskou word en sy besinning oor pastoraat *teologie as lewenswyse* (Veling 2005:236). Wat dit vir Nouwen moontlik maak om sy teologiese besinning op egte, empatiese en deernisvolle wyse te laat kommunikeer is sy intuïtiewe eksplorering van sy eie spiritualiteit (Gillespie 2002:117) en die wyse waarop hy sy selfverstaan met die van ander in verband bring. Vir Nouwen (1975:7) is persoonlike ervarings ook universele ervarings. Deur sy persoonlike, subjektiewe en soms pynlike eksplorering van sy innerlike wêreld, open Nouwen vir ander 'n deur om met hom te kan identifiseer. Die diepte van Nouwen se selfondersoek blyk op 'n besondere wyse uit die inleiding in sy werk, *In the name of Jesus* (1998:10-12). Nouwen se persoonlike worstelinge word op hierdie wyse 'n ruimte waarbinne pastors hulself kan leer ken. Kevin Gillespie (2002:119) verwoord dit soos volg: "It seems that Henri Nouwen wanted us to join his experience of the adventure of life: learning from it, loving through it and laughing about it together. His self-expression of such adventures drew people to him and led him to believe in individual persons being connected in one universal body."

Henri Nouwen beskryf die metafoor *gewonde geneser* vanuit sy beskouing dat Jesus die groot Gewonde Geneser is (vgl Dykstra 2005c:70). Hy maak van sy opleiding as sielkundige gebruik om belangrike insigte uit die sielkunde vir die pastoraat bruikbaar te maak. Gillespie (2002:121) beskryf Nouwen se spiritualiteit as 'n "post-Vatican II psycho-spirituality. By taking seriously the psychological perspective, [he has] broadened and deepened our

understanding of the divine-human encounter.” Vir Nouwen is outentieke bestaan (“being”) in die wêreld van meer belang as wat mense doen (“doing”).

In sy dagboek met die titel *The road to daybreak: A spiritual journey* (1988), meld Nouwen dat die eksistensiefilosof Martin Heidegger (kyk o a Becker 2004:233-255) ’n groot invloed op sy denke uitgeoefen het. Hy sluit in sy besinning aan by Heidegger se onderskeid tussen die twee begrippe “Sein” en “Dasein”. In Nouwen se refleksie oor die gewonde geneser is “Dasein” van besondere belang. “Dasein” het te make met ’n outentieke bestaan in die wêreld. Outentieke bestaan is ’n bestaan saam met “die Ander” (kyk Collins & Selina [1999] 2001:63). Binne die ruimte van spiritualiteit is God “die Ander”. Outentieke bestaan is derhalwe om saam met (A)ander te wees – in verhouding met God, met die self (intrapersoonlik) en met ander mense (interpersoonlik).

Om outentieke bestaan te deurdink en artikuleer, maak Nouwen van tegnieke in die psigologie gebruik. Hierdie tegnieke bied aan Nouwen ’n sinvolle raamwerk om menslike emosies en ervarings soos angs, isolasie, vrees en haat binne ’n breër raamwerk van spiritualiteit (mense se religieuse ervarings) te interpreteer. Refleksie oor religieuse belewenisse is ’n soeke na outentieke bestaan voor en saam met God. Pastorale sorg is ’n proses waarin mense in hierdie soektog begelei word (Heitink 1993:35). Spiritualiteit is nie ’n onttrekking uit die werklikheid waardeur net op die innerlike lewe van mense gefokus word nie.

Heitink (2000:84-85) wys op verskillende strominge met betrekking tot die verstaan van die term spiritualiteit en spreek waardering uit vir die wyse waarop Nouwen die verband tussen pastorale sorg en spiritualiteit ontwikkel. Met sy klem op spiritualiteit plaas Nouwen pastorale sorg binne die kader van teologiese nadenke en lewer daarmee ’n waardevolle bydrae tot die teologiese diskoers. Nouwen se denke sluit in hierdie verband aan by Browning

(1996:81) se siening dat daar in die teologie dikwels nie oor die filosofiese teorieë grondliggend aan wetenskaplike metodes besin word nie. Nouwen slaag daarin om 'n balans te vind tussen die gebruik van insigte uit die psigologie en die teologiese besinning oor pastorale sorg. Hierdie balans kom tot uitdrukking in sy argumentering oor die konsep *gewonde geneser*.

### **3.2 Gewonde geneser**

Nouwen beredeneer sy beskouing oor pastors as gewonde genesers aan die hand van vier narratiewe in sy boek met die titel *The wounded healer: Ministry in contemporary society* ([1972] 1979). Hy gebruik elke narratief om riglyne aan te bied hoe pastors mense op 'n deernisvolle en outentieke wyse kan bedien. Ter wille van begrip vir Nouwen se beskouing word die argumente in sy boek hieronder kortliks weergegee.

Met die eerste narratief gee Nouwen (1979:3-5) 'n kort beskrywing van wat hy die “predicament of nuclear man” noem. Dit is sy oortuiging dat die mensdom van sy tyd vertrou in die moontlikhede van tegnologiese ontwikkeling verloor het, as gevolg van 'n besef dat die mensdom se kreatiewe skeppingskrag die potensiaal het om die aarde te vernietig. Nouwen se keuse vir die term “nuclear generation” spruit waarskynlik uit die vernietigende gevolge van die destruktiewe krag van atoom- of kernkrag soos met die Hiroshima- en Nagasaki-bomme aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog geïllustreer is. Die wedloop van groot moondhede daarna om die kroon as grootste kernkragmoondheid te dra, speel 'n beduidende rol in mense se wantroue in positiewe vooruitgang van die mensdom. Daarom kan hierdie generasie ook as 'n “post-kernkrag” generasie beskryf word. Dit beteken 'n erkenning van die mens se vermoë om sigself en die aarde te vernietig en die angs en neerslagtigheid wat daarmee gepaard gaan. Hierdie selfvernietiging kom op talle wyses in die huidige postmoderne wêreld na vore, naamlik lugbesoedeling, aardverwarming, uitputting van natuurlike hulpbronne soos fosielbrandstowwe, die vernietiging van 'n groot verskeidenheid spesies in die

diereryk, vernietiging van inheemse woude, uitputting van die osoonlaag. Die negatiewe effek van menslike ontwikkeling op die totaliteit van die omgewing is vir baie jare deur verskeie meesternarratiewe in stand gehou, in besonder die narratief dat die wetenskap progressief verbetering in mense se lewens sal bring. Sonder om die positiewe bydraes wat wel gemaak is, soos bestryding van siektes en armoede, te ontken, kan negatiewe gevolge nie ontken word nie.

Nouwen (1979:8-9) beskryf hierdie generasie as 'n generasie sonder historiese kontinuïteit. Vir sulke mense bestaan daar nie sinvolle kontak met waardes uit die verlede nie en ook nie uitsig op 'n hoopvolle toekoms nie. 'n "Tipiese" kenmerk van hierdie samelewing is een van *ideologiese gefragmenteerdheid* (Nouwen 1979:9-12). Mense word daaglik met uiteenlopende waardes, idees, godsdienstige oortuigings en lewenstyle gekonfronteer. Hulle vind dit moeilik om een konsep of denksisteem as antwoord op hulle dilemmas te aanvaar. Die era waarin die Christelike kerk met een, samehangende meesterverhaal 'n antwoord op mense se diepste probleem (soos wat die kerk dit gesien en verwoord het) kon gee, is deur 'n pluralistiese, gefragmenteerde gemeenskap agterhaal.

Tracy (1981:ix) stel dat geloofsgemeenskappe pluralisme as 'n gegewe moet aanvaar en stel soos volg: "The need is to form a new and inevitably complex theological strategy that will avoid privatism by articulating the genuine claims of religion to truth." Pluralisme bied aan geloofsgemeenskappe geleentede om hulle teologiese tradisies te verryk en verruim en daardeur waarde tot mense se lewens toe te voeg. Deur op konstruktiewe wyse die publieke domein te betree, kan Christelike geloofsgemeenskappe daartoe meewerk om aan 'n dualistiese spanning tussen kerk en wêreld te ontkom. Nouwen slaag hierin deur mense se bestaan en hulle worsteling om sin te skep as uitgangspunt vir sy refleksie oor die gewonde geneser te neem.

Nouwen (1979:11) gebruik die term *postmodern* om hierdie gemeenskap en generasie te beskryf. Binne 'n postmoderne samelewing is daar groter vloeibaarheid en openheid van denke as wat in die modernistiese tydperk die geval was (kyk Tracy 1981; Lyotard 1984; Van Aarde 2004b:1105-1125). Mense met 'n postmoderne ingesteldheid aanvaar nie dat daar net een idee is wat oral en altyd waar en geldig is nie. Talle mense (ook baie Christengelowiges) se kritiese houding jeens 'n bepaalde aanbieding van die Christelike boodskap kan daaraan toegeskryf word dat hulle “die Christendom” as 'n ideologie ervaar waarbinne uiteenlopende en dikwels destruktiewe ideologiese beskouings getolereer word.

Die term postmodern dui op veranderinge wat sedert die einde van die negentiende eeu omwenteling in “the game rules for science, literature, and the arts” (Lyotard 1984:xxiii) teweeg gebring het. Hierdie veranderinge het sedert die begin van die laaste helfte van die vorige eeu na vore begin kom. Dit is binne hierdie sfeer dat Nouwen se refleksie plaasvind. Soos Lyotard sien Nouwen die erosie ten opsigte van metanarratiewe, die pluraliteit van diskoerse in die wetenskap en kultuur, die stelselmatige ineenstorting van tradisionele magstrukture en magsposisies (dié van die staat, kerk en pastors) raak en besin hy oor die wyse waarop pastors 'n “nuclear generation” in 'n nuwe wêreld tot outentieke bestaan kan begelei.

'n Volgende kenmerk van hierdie generasie is volgens Nouwen (1979:12-15) 'n *soeke na onsterflikheid*. Hierdie soeke vind vir baie mense buite die raamwerk van die tradisionele meestersverhaal van die kerk plaas. Postmoderne mense vind nie sin in tradisionele godsdienstige simbole oor onsterflikheid soos “hemel”, “hiernamaals”, “wederkoms” en “koninkryk van God” nie. Omdat dit vir mense moeilik is om binne hulle huidige wêreld sin te skep, vind hulle dit moeilik om te aanvaar dat daar 'n ander, nuwe wêreld kan wees: “A life after death can only be thought of in terms of a life before it, and nobody can dream of a new earth when there is no old earth to hold any promises” (Nouwen

1979:14). Ontnugtering met die wêreld waarin hulle leef laat mense met een van twee uitweë om sin te skep in hulle bestaan, naamlik die weg van mistiek of 'n revolusionêre weg (Nouwen 1979:15-18). Hierdie redusering van Nouwen tot twee alternatiewe is egter 'n oorvereenvoudiging. Daar is 'n pluraliteit van narratiewe (diskoerse) in die samelewing werksaam en elke individu se lewensverhaal is uniek (kyk Lyotard 1984). Tog bied bogenoemde twee pole 'n sinvolle raamwerk aan die hand waarvan Nouwen (1979:19-21) 'n derde moontlikheid voorstel waarbinne beide hierdie uiterstes gekombineerd voorkom, naamlik "The Christian Way". Hy vind in Jesus 'n kombinerings van beide hierdie aspekte en beskryf dit soos volg (Nouwen 1979:19):

Mysticism and revolution are two aspects of the same attempt to bring about radical change. No mystic can prevent himself from becoming a social critic, since in self-reflection he will discover the roots of a sick society. Similarly, no revolutionary can avoid facing his own human condition, since in the midst of his struggle for a new world he will find that he is also fighting his own reactionary fears and ambitions.

Nouwen maak deurgaans in sy boek van dialektiek soos hierbo gebruik om twee oënskynlik onversoembare perspektiewe in jukstaposisie met mekaar te stel. Die titel van sy boek *The wounded healer* suggereer dit reeds. Daarom kan Nouwen ook stel dat Jesus 'n revolusionêre persoon was, maar nie 'n ekstremis nie, asook 'n mistikus, maar dat hy nie 'n intieme verhouding met God gebruik het om sosiale ongeregtigheid te vermy nie. Op hierdie wyse konvergeer Nouwen en Tracy (1981:3-46) se reflektering oor die publieke karakter van teologie en slaag Nouwen daarin om sy besinning relevant vir die gemeenskap te hou.

Aan die hand van die tweede narratief beskryf Nouwen (1979:25-36) die mense van sy tyd as 'n generasie wat na binne gekeer leef, 'n generasie sonder vaders, 'n "convulsive generation". Hierdie generasie is oortuig dat bevryding nie in eksterne institute of outoriteitsfigure gesoek moet word nie,

maar in 'n *lewe wat na binne gekeer* is, met ander woorde privatisering van die lewe. Outoritêre, eksterne simbole soos kerklike dogmas en outoriteitsfigure word verruil vir voortgaande selfrefleksie. Hierdie inkering na binne is nie slegs anti-outoritêr en anti-institusioneel nie, maar kan ook lei tot 'n selfgesentreerde lewe wat fokus op die onmiddellike bevrediging van behoeftes. Nouwen (1979:29-30) is van mening dat dit nie so hoef te wees nie, maar dat die sin wat by wyse van selfrefleksie geskep word, as kreatiewe energie aangewend kan word om die gemeenskap [en sigself] te transformeer.

Wanneer Nouwen opmerk dat hierdie generasie een sonder vaders is (Nouwen 1979:30-33), gebruik hy die term “vader” nie slegs in biologiese sin nie, maar ook as metafoor vir iemand wat outoriteit toeëien, of 'n gesagsposisie beklee. Laasgenoemde persone word met suspisie bejeën. 'n Vaderlose generasie is in opstand teen 'n outokratiese, patriargale samelewing. Dit plaas jongmense veral voor die dilemma dat hulle gevangenes van hulleself en hulle portuurgroep kan word en derhalwe in rustelose, angstige mense ontwikkel wat aan 'n toenemende gevoel van depressie ly (Nouwen 1979:32-34).

Sy refleksie oor hoe pastors bogenoemde generasie sinvol kan begelei, laat Nouwen (1979:37-47) die rol van pastors aan die hand van drie begrippe beskryf. Die eerste rol wat pastors volgens hom moet inneem is dié van iemand wat in staat moet wees om *innerlike belewenisse te artikuleer* (1979:37-40) en aan mense kreatiewe wyses bied om met die “source of life” te kommunikeer. Om dit te kan doen moet pastors hulleself nie as bestuurders van 'n instituut of organisasie (die kerk) beskou nie, maar as persone wat hulle eie ervarings kan artikuleer en hulle eie geloof tot ander se beskikking kan stel: “In this sense he is a servant of servants, because he is the first to enter the promised but dangerous land, the first to tell those who are afraid what he has seen, heard and touched” (Nouwen 1979:38).



Die doel van bogenoemde tipe openheid en eerlikheid by pastors is nie om aan ander voor te skryf hoe en wat hulle moet glo en om afdoende antwoorde op hulle probleme te gee nie. Die bedoeling is ook nie om God aan ander te probeer openbaar nie, maar eerder om ander op so 'n wyse te begelei dat daar tot outentieke geloof in God en 'n outentieke lewe voor God gekom kan word. Betrokkenheid op hierdie wyse in ander se lewens is 'n diepgaande gebeurte tussen mense – 'n verhouding waarin pastors die risiko loop om hulle geloof en twyfel, hulle eie hoop en wanhoop, hulle eie lig en donker tot beskikking van ander te stel. Dit is op ten minste twee vlakke 'n riskante onderneming, omdat pastors aan die een kant nie vooraf kan voorsien hoe mense met hierdie blootstellende interaksie sal omgaan nie en omdat dit aan die ander kant as arrogansie beoordeel kan word. Die positiewe kant van hierdie interaksie met mense is egter dat dit tot 'n vertrouensverhouding tussen mense en pastors kan lei, omdat mense hulleself en hulle eie worstelinge in dié van pastors kan herken.

Interaksie van hierdie aard is egter net moontlik indien pastors op 'n eerlike wyse van hulle eie komplekse bestaan bewus word. Dit behels eerlikheid oor skadukante sowel as ligkante in hulle innerlike wêreld. In die beredenering oor Jung se siening van die skadu, het dit duidelik geword hoe belangrik hierdie proses in mense se lewens vir die proses van individuasie is. Daarmee saam beteken dit dat pastors in voeling sal kom en bly met die emosionele prosesse in hulleself.

Die beskrywing van emosionele prosesse in hoofstuk 5 dui aan dat pastors emosioneel intelligente mense moet wees om outentiek te leef. Emosies en verskynsels soos angs, vrees, onsekerheid, geloofstwyfel, verskille met die kerklike leer en belydenis, asook 'n strewe na mag, kan as skadukante by pastors aangedui word. Pastors kan mense sinvol begelei wanneer hulle erken dat daar lig én donker in hulle lewens bestaan. Om hierdie skadukante in hulle lewens te integreer, is dit nodig dat pastors hulle ervarings, emosies en

geloof so deursigtig as moontlik artikuleer. Deur hulle lewensverhale verder met die verhaal van God se betrokkenheid by mense in verband te bring – in besonder die wyse waarop Jesus se omgang met mense in die evangelies beskryf word – word nie net pastors se “boodskap” nie, maar ook hulle lewens (as deurleefde, outentieke bestaan) ’n bron van hoop vir mense.

Hierdie ingesteldheid by pastors kan as *inkarnasioneel* beskryf word. Hiermee word bedoel dat pastors nie “van bo af” outoriteit oor mense uitoefen nie. Daar word gevra dat pastors langs mense sal wees en saam met hulle reis, met die oortuiging dat hulle self op hierdie reis deur God en deur ander mense begelei word. Om op hierdie wyse langs mense te wees, beteken dat pastors deursigtig sal wees.

In hierdie verband is die psigologie ’n belangrike hulpmiddel om pastors in staat te stel om te begryp waarom pyn en swaarkry destruktief op hulle eie en ander mense se selfkonsep en outentisiteit inwerk. Mense kan op verskillende wyses op pyn en lyding reageer. Volgens Nouwen (1979:93) is die taak van pastors om te voorkom dat mense om die verkeerde redes swaarkry en ly. Pastors kan mense sinvol begelei wanneer hulle self insien dat lyding deel van die menslike bestaan is en daarmee die illusie dat daar geen vrees, eensaamheid, verwarring of twyfel in mense se lewens sal wees nie, ontmasker. Mense ly om die verkeerde redes wanneer hulle nie erken dat verwondheid deel van hulle lewe is nie en dit belemmer hulle heelwording (Nouwen 2001:6-12). Donald Hands en Wayne Fehr is die kliniese en geestelike begeleiers aan die St. Barnabas Center in Wisconsin in die Verenigde State van Amerika. Hulle volg ’n terapeutiese proses waarin teologie en psigologie op geïntegreerde wyse aangewend word om heelwording te bewerk. Hulle gaan uit van die oortuiging dat God se bedoeling met mense nie is om in verslawing, kompulsiwiteit of persoonlikheidsafwykings vasgevang te wees nie, maar om intimiteit met hulleself, ander mense en God te ervaar (Hands & Fehr 1993:2).

Hands & Fehr (1993:2-14) se terapie (ook met kerklike leiers) toon aan dat verwondheid onder andere teruggevoer kan word na mense se oorspronklike gesinne (“families of origin”). Hulle interpreteer die begrip oersonde (“original sin”) vanuit hierdie raamwerk as “the ‘embeddedness’ of human freedom in a familial and social matrix that enables, conditions, and distort it” (Hands & Fehr 1993:3). In hierdie studie word saamgestem met Hands & Fehr se interpretasie van die begrip sonde. Hands & Fehr (1993:3) formuleer dit soos volg:

In making use of this theological concept, we wish to focus more on the word *original* than on *sin*. *Sin* is here to be regarded compassionately as woundedness, not judgmentally as moral fault, with culpability and blaming. On the other hand, this understanding of original sin does not deny personal responsibility for recovery from the sins of others against us, especially the wounds received from parenting. Although we have no responsibility whatever for the original wounds received, we do have a responsibility to recover from them as best as we can.

Mense word dus gesien as deel van 'n sosiale sisteem en nie as geïsoleerde enkelinge nie. Omdat die sisteem/-e waarbinne mense opgroei en funksioneer 'n belangrike rol in hulle lewens speel, is dit sinvoller om die Bybelse begrip van sonde op 'n meer genuanseerde wyse te vul met inhoud vanuit die psigologie, in hierdie geval die sisteemteorie (kyk Richardson 2005). Indien mense nie in hulle oorspronklike gesinne leer om hulle emosies (veral negatiewe emosies) te erken en sinvol deur te werk nie, word daardie emosies onderdruk. Dit lei tot dissosiasie tussen mense se emosies en hulle denke (Hands & Fehr 1993:6; Richardson 2005:13-33).

Dikwels word sekere emosies binne gesinne toegelaat en ander nie, met die gevolg dat mense skuldig en skaam voel wanneer hulle “ontoelaatbare” emosies (byvoorbeeld woede, bitterheid, haat) ervaar. Op hierdie wyse word

mense gekondisioneer om hulle primêre emosies te ontken en slegs emosies te wys wat sosiaal aanvaarbaar is. Ontkenning en onderdrukking van emosionele pyn en ontoelaatbare emosies belemmer die proses van heelwording en integrasie (individuasie by Jung). Wanneer pynlike emosies van die verlede nie in herinnering geroep word nie, ontwikkel dit in onafhanklike kragte waardeur mense se funksionering gekortwiek word. Nouwen ([1969] 2000:243) formuleer dit soos volg: "What is forgotten is unavailable, and what is unavailable cannot be healed". Pastors moet in staat wees om pynlike emosies in herinnering te roep en op dié wyse 'n ruimte skep waarbinne daardie emosies aan die lig gebring kan word.

Die weg na heelwording "is simply and profoundly the felt experience of one's own pain" (Hands & Fehr 1993:8). Vir Nouwen (2001:12) is die vraag hoe mense reageer op wat met hulle gebeur, belangriker as die vraag wat met hulle gebeur het. Daar kan slegs sinvol reageer word op wat gebeur indien mense eerlik is oor hulle ervaring van dit wat met hulle gebeur. Dit sluit in erkenning van hulle verwonding as gevolg van wat met hulle gebeur het. Daarom is dit belangrik dat pastors eerlik met hulleself sal wees oor hulle eie emosionele belewenisse.

Wanneer Nouwen (1979:40-43) oor medelye/deernis ("compassion") reflekteer, doen hy dit vanuit sy oortuiging dat die generasie in sy tyd 'n "fatherless generation" is en wys hy daarop dat mense op soek is na 'n ander tipe outoriteit as rigiede, outokratiese beheersing. Medelye vorm die kern van 'n tipe outoriteit waarmee pastors God se medelye met mense deel van hulle eie lewens maak. Hierdie medelye van God kom op 'n besondere manier tot uitdrukking in die lewe van Jesus.

Marcus Borg ([1987] 1991, [1994] 1995, [1984] 1998a, [1997] 1998b, 2003) se omskrywing van die begrip medelye bied 'n sinvolle perspektief waarmee oor hierdie saak gereflekteer kan word. Borg (1998a:16) dui aan dat die begrip

medelye (“compassion”) teruggevoer kan word na die Latynse oorsprong wat vertaal kan word as die ingesteldheid om saam met iemand anders te kan voel (“to feel with”). Medelye fokus daarop dat iemand anders se gevoelens of emosies gedeel word, maar dui ook op die emosies wat mense vir en oor mekaar het. Die begrip medelye het in Aramees en Hebreeus semantiese konnotasies met die begrip vir ’n vrou se baarmoeder (Borg 1991:102; 1998a:16; vgl Tribble 1978:31-59). Hieruit kan afgelei word dat medelye die emosionele band tussen ’n ma en haar kind kommunikeer. ’n Moeder toon gevoelens van toegeneentheid (“affection”) teenoor haar kinders en voed en versorg hulle.

Wanneer die begrip medelye as aanduiding van God se verhouding met mense gebruik word, dui dit daarop dat God affeksie sowel as versorging en deernis aan mense betoon, wat uit God se “baarmoeder” voortkom. Medelye bring ’n ander semantiese nuanse na vore as die begrip genade waarmee God se houding teenoor mense tradisioneel beskryf word. Genade kommunikeer ’n situasie waarbinne iemand oortree het en daarom skuldig staan. Binne so ’n verhouding is daar van afstand sprake. Die een wat oortree staan ver van die een teen wie oortree word. Die een wat genade aanbied, word as beter of meer ervaar as die een wat die oortreding begaan het. Ten spyte daarvan dat die begrip “God se genade” ’n algemene uitdrukking binne die Christelike geloofsgemeenskap is, word die Christelike geloof by baie mense binne en buite die kerk verstaan as “a form of conventional wisdom in which God is imaged as the judge whose standards (whether belief or behavior) must be met” (Borg 1991:102; 2003:11, 76, 95, 185 n8, 220).

Op hierdie wyse word ’n simboliese universum geskep waarbinne vrees vir straf die motivering word vir die keuse ten gunste van die Christelike geloof en gehoorsaamheid aan God. Binne sodanige raamwerk word begrippe soos hemel en hel, straf en oordeel, sonde en skuld aangewend om ’n denkraamwerk en meestersverhaal oor God en mense te konstrueer. Wanneer

pastors met hierdie denkraamwerk leef, kan dit moeilik wees om medelye met mense te ervaar. Mense wat verwond is en pyn ervaar, kan pastors as verteenwoordigend van God as regter beskou en dit derhalwe moeilik vind om in verhouding met pastors te tree. Dit kan ook in die pad van intrapersoonlike groei staan, aangesien die onderliggende antropologiese uitgangspunt is dat mense – veral diegene wat oortree – inherent sleg is.

Medelye of deernis skep 'n ander atmosfeer, naamlik een van aanvaarding en sagtheid. Wanneer medelye en deernis met God en God se ingesteldheid jeens mense geassosieer word, verbeeld dit 'n ruimte waarbinne mense aanvaar word omdat God goed is vir hulle. Binne die eerste eeuse wêreld waar Jesus opgetree het, is hierdie nuanse betekenisvol omdat mense – in besonder die mense wat as uitgeworpenes beskou is – deur godsdienstige leiers veroordeel is omdat hulle nie rein was nie en daarom ook nie vir God aanvaarbaar nie (Borg 1998a:145-146). Die kulturele en religieuse simbole van eer en skaamte en rein en onrein, het 'n belangrike plek binne die eerste eeuse Mediterreense wêreld beklee (Malina 2001).

In die eerste eeuse Judaïsme is sterk klem op reinheid as voorwaarde vir aanvaarding deur God geplaas. Hierdie beskouing kan teruggevoer word na die reinheidswette in Levitikus. Die heiligheidskode in Levitikus 17-26 word oor die algemeen deur akademici as literatuur uit 'n eksiliese of na-eksiliese tydperk beskou (Borg 1998a:43-87). Borg (1991:86-87) formuleer dit soos volg:

The politics of holiness was a continuation in intensified form of a cultural dynamic that emerged in Judaism after the exile. It was expressed most succinctly in the “holiness code” whose central words affirmed, “*You shall be holy, as I the Lord your God am holy.*” The cultural dynamic was thus articulated in one of the classic patterns of religious thought, an *imitatio Dei* or “imitation of God.” God was holy, and Israel was to be holy. That was to be her ethos, her way of life. Moreover, holiness was understood

in a highly specific way, namely as *separation*. To be holy meant to be separate from everything that would defile holiness. The Jewish social world and its conventional wisdom became increasingly structured around the polarities of holiness as separation: clean and unclean, purity and defilement, sacred and profane, Jew and gentile, righteous and sinner.

Deur middel van die reinheidsstelsel is daar streng onderskeid tussen verskillende groepe in die Joodse samelewing gemaak (Borg 1991:86-93; 1998:43-87; Crossan 1991; kyk ook Neyrey 1990:21-74, 147-156 se uiteensetting oor die wyse waarop Paulus hierdie sosiale stratifikasie binne die raamwerk van sy interpretasie van Jesus verwoord).

In sy werk, *Conflict, holiness, and politics in the teachings of Jesus*, beredeneer Borg (1998a:139-146) die verskil tussen Jesus se visie op God en God se ingesteldheid teenoor mense aan die een kant en dié van die religieuse elite van sy dag aan die ander kant. In Lukas 6:36 rig Jesus die uitdaging tot die mense wat na hom luister om barmhartig (*oiktirmon*) te wees “soos julle Vader barmhartig is.” Die parallelle uitspraak in Matteus 5:48 lê nader aan die reinheidsgedagte wanneer daar gesê word dat die mense volmaak (*teleios*) moet wees soos wat God volmaak is. Teenoor die eerste-euse Judaïsme wat primêr oor God as heilig gepraat het, het Jesus op die medelye van God gefokus. Hiermee word nie beweer dat God nie as ’n medelydende God gesien is binne die Judaïsme nie en ook nie dat Jesus ontken het dat God heilig is nie (Borg 1991:130). Wat egter van belang is, is die wyse waarop taal aangewend word om ’n samelewing te struktureer. Dreyer (2003b:729) maak in hierdie verband die volgende opmerking oor teologiese diskoerse:

The term “discourse” does not pertain only to a linguistic concept, but to the constructive, productive and pragmatic aspects of language use, rather than the descriptive or representational aspects. This shift in focus

was caused by Husserl's and Heidegger's phenomenological emphasis that language can never describe the world in a neutral way. A "theological discourse", for instance, is not a description of "essentialist dogmatic ontology" which, from a positivistic perspective, lies behind the cognition or motivation (as a psychological entity) of religious beliefs. Rather, interaction and intertextuality/internarrativity are seen as "social practices which are productive of experience and which construct realities in which we live".

Taal dien dus as medium waardeur mense hulle omgewing benoem en op simboliese wyse sosiale en kulturele strukture konstrueer. Menslike ervaring speel hierin mee. Vanuit hierdie gekonstrueerde simboliese universum word die werklikheid geïnterpreteer. Religieuse taal is derhalwe ook nie uitdrukking van "objektiewe waarhede" nie, maar pogings hoe mense aan hulle ervaring van die goddelike uitdrukking gee en daarmee sin in hulle gekonstrueerde werklikheid probeer skep (kyk Ricoeur 1995).

Lukas se bedoeling was om 'n transformasie teweeg te bring in hoe mense oor God dink en praat. Vir hom was dit belangrik om God as 'n medelydende God te kommunikeer en dat mense vanuit so 'n visie op God sin kan skep in hulle omstandighede (kyk Van Staden 1991). Daarom interpreteer hy sy bronne oor Jesus se bediening as 'n beliggaming van God se medelye in die wêreld (Borg 1991:131-141; 1998a:139-149). Volgens Lukas se beskrywing kom Jesus se perspektief op God na vore in sy optrede teenoor die volgende groepe:

- sy maaltye saam met uitgeworpenes soos tollenaars en sondaars (Mark 2:15; Luk 15:2; 19:7; Matt 11:19//Luk 7:34; Borg 1991:131-133; 1998a:97-109; vgl ook Vermes [1973] 1983:224 wat hierdie aspek aandui as die een waarin Jesus die meeste van sy tydgenote en voorgangers verskil het);



- die wyse waarop hy homself met vroue geassosieer het (Luk 8:1-3; Mark 16:1-8//Matt 28:1-8//Luk 24:1-12//Joh 20:1-10; Borg 1991:133-135);
- sy omgang met arm mense en sy goeie nuus aan armes (Luk 4:18; Matt 5:3, 6; Luk 6:20-21, 30//Matt 5:42; 6:34-35; Matt 6:1-4; Mark 10:21; Borg 1991:135-137);
- sy toespitsing op liefde vir mense wat anders is, in besonder liefde vir die vyand (Matt 5:43-44//Luk 6:27; Matt 5:41; 5:9, 45; Luk 6:35; Borg 1991:137-140).

Deur sy klem op God se medelye met mense het Jesus die onderskeid wat deur die reinheidskultus tussen mense gemaak is, bevraagteken en 'n ander visie op God en die konstruering van die werklikheid gevestig. Jesus se visie was dat God mense goedgesind is en hulle liefhet ongeag wie hulle is. Daarom is ook mense wat deur die "politics of holiness" (Borg 1998a) uitgesluit was, deel van God se volk. Met hierdie siening het Jesus die relatiewiteit van kulturele skeidslyne aangedui en mense se verhouding met God as primêre verhouding gevestig. Volgens Jesus was dit nie belangrik of iemand 'n uitgeworpene ("outcast"), vroulik, arm of 'n vyand was nie (Borg 1991:139-140). God se medelye was die bron waaruit Jesus geput het vir sy eie medelydende en deernisvolle reaksie op mense wat met hulle lyding na hom gegaan het. Indien pastors te midde van hulle eie verwondheid God as medelydende ontdek en hierdie medelye van God in hulle eie lewens integreer, kan hulle mense as medemense, as Ander (Dreyer 2003b:715-716), ontdek. Dit skep die moontlikheid dat pastors nie veroordelend sal wees nie, maar die donker kante wat hulle in ander mense en in die wêreld rondom hulle waarneem, ook in hulle eie lewens raaksien en op dié wyse saam met mense sin probeer skep in hulle omstandighede. Met sodanige ingesteldheid kan pastors gewonde mense begelei om God se medelye te ontdek en van skuld en skaamte bevry te raak.

'n Derde argument wat Nouwen (1979:43-46) as moontlikheid aanbied, is dat pastors *kontemplatiewe persone* sal wees. Hiermee poog Nouwen om 'n antwoord te gee op die vraag hoe pastors mense se kreatiewe energie kan kanaliseer om positiewe transformasie teweeg te bring. Nouwen (1979:44) stel dit soos volg:

It is not the task of the Christian leader to go around nervously trying to redeem people, to save them at the last minute, to put them on the right track. For we are redeemed once and for all. The Christian leader is called to help others affirm this great news, and to make visible in daily events the fact that behind the dirty curtain of our painful symptoms there is something great to be seen: the face of Him in whose image we are shaped.

Om mense te begelei om “God se gesig” in daaglikse gebeure te kan sien, vra kreatiewe reflektoring van pastors. In hierdie verband is die onderskeid tussen doen (“doing”) en wees (“being”) in pastors se lewe van belang. Binne Nouwen se perspektief is pastors se teenwoordigheid (“presence”) belangriker as wat hulle doen. Hiermee word nie beweer dat pastors niks moet sê of doen nie. Dit gaan egter oor die wyse waarop pastors by mense teenwoordig is, naamlik as gebroke, gewonde genesers wat saam met mense stil word en ly, óf as outoritêre figure met die regte antwoorde op alle moontlike probleme.

Pastors wat as gewonde genesers by mense teenwoordig is, sal op outentieke wyse saam met mense na sin in hulle omstandighede soek. Sinskepping hou nie in dat pastors noodwendig iets by mense moet gaan doen nie, maar om soms niks te sê of doen nie en om soms uit hulle eie verwonding by mense aanknopingspunte te vind. Dit beteken nie dat pastors hulle emosionele bagasie op ander sal projekteer en mense op dié wyse belas nie. Dit beteken egter dat pastors geïntegreerde, kognitief-geprosesseerde emosies en ervarings op kreatiewe, helende wyses kan aanwend. Deur hulle eie ervarings

van God se teenwoordigheid of afwesigheid, heling of nie-heling, genade of verwerping, met ander te deel, kan 'n sinskeppende proses op intersubjektiewe wyse moontlik word. So 'n proses hou nie net voordele vir ander mense in nie, maar ook vir pastors omdat die proses van transformasie en individuasie nooit afgehandel word nie. Op hierdie wyse kan ander ook vir pastors gewonde genesers word, omdat pastors hulle eie verwonding in ander kan raaksien en deur ander se omgaan met hulle wonde begelei word in hulle eie proses van heling.

Capps & Fowler (2001:132-154) bespreek die belang van introspeksie vir die pastoraat. Met introspeksie word bedoel dat pastors hulle eie denke en emosies ondersoek met die doel om tot groter selfinsig te kom. Die negentiende-eeuse Amerikaanse godsdienst-psigoloog, William James ([1890] 1950:185), verwoord dit soos volg:

Every one agrees that we here discover states of consciousness. So far as I know, the existence of such states has never been doubted by any critic, however sceptical in other respects he may have been ... All people unhesitatingly believe that they feel themselves thinking, and that they distinguish the mental state as an inward activity or passion, from all the objects with which it may cognitively deal. I regard this belief as the most fundamental of all the postulates of Psychology.

Beide kognitiewe en emosionele prosesse is belangrik in die proses van introspeksie. David Bakan (1967) dui daarop dat die behavioristiese benadering in sielkunde, wat op menslike gedrag fokus, nie positief oor introspeksie oordeel nie, omdat innerlike denk- en emosionele prosesse nie empiries waarneembaar is nie. Hy oordeel egter dat hierdie afwysing van introspeksie oordrewe is. Capps & Fowler (2001:140-141) formuleer hierdie saak soos volg: "Bakan also questioned whether the rejection of introspection was even in the best interest of the behaviorist approach itself. Behaviorists should have recognized that what makes human behavior of interest to the

researcher is not merely observable actions, but also what is going on inside, that is, what thoughts and feelings inform these actions.” Hierdie opmerkings steun die insig dat menslike gedrag dikwels deur onbewustelike emosionele inhoude en prosesse gemotiveer en bepaal word. Introspeksie soos deur Capps & Fowler beskryf, bied aan pastors die geleentheid om op gekontroleerde wyse van innerlike prosesse en die invloed daarvan op hulle interaksie met ander, bewus te raak.

Nouwen se derde narratief (1979:51-55) word aangewend om oor drie fasette van christelike leierskap te reflekteer, naamlik *persoonlike betrokkenheid* by mense, ’n oortuiging dat die *lewe betekenis* het en *hoop*.

*Persoonlike betrokkenheid* by mense hou in dat pastors nie met vinnige antwoorde oplossings vir mense se probleme probeer gee, hetsy deur Bybeltekste of dogmatiese uitsprake, nie. Om persoonlik betrokke te wees beteken om naby iemand anders te wees, om te luister, om emosies soos toegeneentheid, woede, vyandigheid of empatie te toon. Nouwen (1979:71-72) stel dit so: “The paradox indeed is that those who want to be for ‘everyone’ find themselves often unable to be close to anyone. When everybody becomes my ‘neighbour,’ it is worth wondering whether anybody can really become my ‘proximus,’ that is, the one who is most close to me.” Hierdie argument van Nouwen plaas ’n belangrike faset van pastors se lewe en optrede op die voorgrond, naamlik hulle gewilligheid om deel van ander se pyn en worsteling te word. Op hierdie wyse kan pastors hulle eie pynlike en vreugdevolle ervarings aanbied as bron van opheldering en insig vir ander.

Die oortuiging dat mense se *lewens betekenis* het, kom na vore in die wyse waarop pastors persoonlik betrokke is by iemand anders. In hierdie ontmoeting word die ander persoon die “Ander”. Daar word saam gepoog om sin te skep in omstandighede vanuit die oortuiging dat daar wel betekenis te vind is. Pastors se bediening aan ander is daarop gemik om hulle te begelei

om tekens van God se koninkryk te midde van pyn, verwonding, wanhoop en twyfel te ontdek. Hierdie bediening kan net voltrek word deur iemand “who has a deep-rooted faith in the value and meaning of life, by one who knows that life is not a static given but a mystery which reveals itself in the ongoing encounter between man and his world” (Nouwen 1979:75).

Die derde faset van pastors se funksionering is volgens Nouwen (1979:76) die diepste motivering om ’n medemens na die toekoms te begelei, naamlik *hoop*. Hoop maak dit moontlik om ’n nuwe toekoms anderkant huidige pyn en worsteling te kan sien. Hoop stel mense in staat om hulle omstandighede te transendeer, omdat dit voortspruit uit ’n belofte wat ontvang is van God wie se menslike gesig in Jesus van Nasaret sigbaar geword het. Nouwen (1979:77) verwoord dit soos volg: “Hope prevents us from clinging to what we have and frees us to move away from the safe place and enter unknown and fearful territory.” Hierdie visie op omstandighede, asook gebeure wat tot daardie omstandighede gelei het, kan pastors as “agents of hope” laat optree (kyk Capps 2005:188-199). Hiermee word bedoel dat pastors mense nie net begelei om pynlike emosies en gebeure in herinnering te roep nie, maar mense ook begelei om op ’n ander wyse daaroor te dink en daarna te kyk. Die komplekse verweefdheid tussen hoop en emosies word soos volg deur Capps (2005:190) verwoord:

The very fact that hoping produces such fluctuating emotions tells us that emotions play a role in hoping, but hoping is not primarily a matter of emotions. The sense or intuition that what is wanted will happen can persist even when we do not ‘feel’ this to be the case. This disparity between our current feelings and our longer range intuitions suggests that hoping is primarily a perceptual phenomenon. Emotions are involved, but hoping is primarily a way of seeing or perceiving.

Hoopvolle begeleiding beteken dus dat mense vir God in hulle omstandighede raaksien (ontdek) en die insig ontwikkel dat God hulle nie verwerp oor hulle

emosionele en religieuse worstelinge nie. Omdat hoop [of gebrek aan hoop] vanuit uiteenlopende ervarings voortkom, bestaan die moontlikheid dat mense se hoopvolle verwagtinge ander mense en die omgewing skade kan berokken: “This is why it is so essential for us to believe that God remains a Reliable Other who has not abandoned us, and why it is important that some of us be pastors, ones who assist others in their struggles to maintain hope – helping them keeping their heads above water – and who testify to, and carry in their very being, the ambiguities that are inherent in hope itself” (Capps 2005:199).

Die laaste hoofstuk in Nouwen se boek (1979:81-96) bied ’n beskrywing van die metafoor *gewonde genesers*. Ter wille van die beredenering wat hieronder volg, is dit nodig om die verhaal waarmee hy die laaste hoofstuk begin, aan te haal. Dit is ’n weergawe van ’n verhaal in die Talmoed, uit die traktaat van die Sanhedrin (Nouwen 1979:81-82; 94-95):

Rabbi Yoshua ben Levi came upon Elijah the prophet while he was standing at the entrance of Rabbi Simeron ben Yohai’s cave ... He asked Elijah, “When will the Messiah come?” Elijah replied, “Go and ask him yourself.” “Where is he?” “Sitting at the gates of the city.” “How shall I know him?” “He is sitting among the poor covered with wounds. The others unbind all their wounds at the same time and then bind them up again. But he unbinds one at a time and binds it up again, saying to himself, ‘Perhaps I shall be needed: if so I must always be ready so as not to delay for a moment.’”

Rabbi Yoshua ben Levi went to the Messiah and said to him: “Peace be unto you, my master and teacher.” The Messiah answered, “Peace be unto you, son of Levi.” He asked, “When is the master coming?” “Today,” he answered. Rabbi Yoshua returned to Elijah, who asked, “What did he tell you?” He indeed has deceived me, for he said ‘Today I am coming’ and he has not come.” Elijah said, “This is what he told you: ‘Today if you would listen to His voice.’”

Met hierdie verhaal gee Nouwen verder (die eerste drie hoofstukke in die boek geld in 'n sekere sin as inleiding tot die laaste hoofstuk) vorm aan die konteks waarbinne hy oor die gewonde geneser reflekteer.

Veling (2005:52-53) bied 'n weergawe van dieselfde verhaal aan, maar daar bestaan 'n verskil tussen Nouwen en Veling se interpretasies van die "messias" se handelinge. Nouwen (1979:82) se interpretasie is dat die messias sy eie wonde een vir een verbind, sodat hy gereed kan wees om ander se wonde te verbind wanneer dit nodig word. In Veling se weergawe ontbreek die deel van Nouwen se weergawe waar die messias homself daaraan herinner dat hy sy eie wonde een vir een moet versorg sodat hy gereed is om aan ander se wonde aandag te gee wanneer dit nodig is. Veling se weergawe van die verhaal kom voor aan die einde van 'n hoofstuk waarin hy 'n gerigtheid na buite en nie na binne nie, beklemtoon. Dit wil derhalwe voorkom asof Veling van Nouwen verskil in sy interpretasie van die verhaal. Nouwen beklemtoon egter 'n gerigtheid na binne en na buite en verwoord dit soos volg (Nouwen 1979:82): "He [the minister] is called to be the wounded healer, the one who must look after his own wounds but at the same time be prepared to heal the wounds of others." In hierdie studie word ten gunste van Nouwen se interpretasie van die verhaal gekies.

Nouwen reflekteer aan die hand van twee begrippe, naamlik "The *wounded* minister" en "The *healing* minister" (my beklemtoning), oor pastors as gewonde genesers.

Onder die begrip "The wounded minister" bespreek Nouwen (1979:82-87; vgl Dykstra 2005c:70) twee sake wat verwondheid by pastors veroorsaak, naamlik persoonlike en professionele eensaamheid. Nouwen (1979:83) stel dit so: "The loneliness of the minister is especially painful; for over and above his experience as a man in modern society, he feels an added loneliness, resulting from the changing meaning of the ministerial profession itself."

Mense ervaar eensaamheid in hulle omgewing as gevolg van lewenslange blootstelling aan kompetisie met ander. Pastors van hoofstroomkerke in Suid-Afrika ervaar hierdie eensaamheid as gevolg van:

- afname in lidmaatgetalle;
- persoonlike en gemeentelike finansiële probleme;
- die ontwikkeling van 'n ander spiritualiteit as 'n sogenoemde “gereformeerde” spiritualiteit;
- ontwikkelinge binne die teologie en teologiese debatte waardeur tradisionele leerstellings en belydenisse krities bevraagteken word;
- die opkoms van alternatiewe geloofsgemeenskappe (vergelyk die Nuwe Hervorming in Suid-Afrika);
- die hoofstroomkerke in Suid-Afrika wat geen bevoorregte posisie beklee soos in die verlede nie;
- mense wat eerder sielkundiges as pastors spreek vir terapie;
- 'n oop, demokratiese samelewing waarin lewenswaardes wat voorheen vanselfsprekend was, bevraagteken word.

In so 'n wêreld is mense op soek na vriendskap, liefde, intimiteit en 'n ervaring dat hulle êrens tuishoort (Nouwen [1989] 1998:21). Nouwen (1979:83) dui die volgende verskynsels aan as pogings waarmee mense uit hulle isolasie probeer ontsnap: psigoterapie, verskeie tipes groepservaringe, seminare vir persoonlike groei, eksperimentering met liturgieë waardeur vrede nie net



aangekondig word nie maar ook ervaar word. Op hierdie wyse poog mense om die mure van isolasie en vereensaming te deurbreek. Eensaamheid, te midde van die pyn wat dit in mense (ook pastors) se lewens bring, kan egter ook as 'n bron tot selfontdekking dien. Derhalwe hoef isolasie en eensaamheid nie gesien te word as iets wat ten alle koste weggeneem of beveg moet word nie. Deur individuele lewensverhale met Bybelse verhale in kontak te bring, bied die Christelike geloof 'n weg tot hoop. Borg (2002, 2003) lewer 'n waardevolle bydrae tot die wyse waarop Bybelse verhale en belydenisinhoude op 'n nuwe, kreatiewe wyse in 'n pluralistiese, postmoderne omgewing aan mense hoop kan bied. Pastors kan hierdie inligting baie goed benut ter wille van hulle eie transformasie en hulle bediening aan mense.

Innerlike verwondheid en pyn kan vernietigend wees of kreatief geïntegreer word in mense se lewens. 'n Natuurlike reaksie is om pyn te vermy. Pyn veroorsaak ongemak en in 'n wêreld waar alles vinnig gebeur, probeer mense ook vinnige antwoorde en oplossings vir hulle innerlike pyn vind. Soms is daar by mense die verwagting dat iets, of iemand anders, die pyn in hulle lewens sal wegneem, maar dit is 'n vrugtelose verwagting (Nouwen 1979:84-85; vgl Dykstra 2005c:70). Dit is belangrik om persoonlike verwondheid en innerlike pyn te erken. Met die erkenning daarvan kan 'n kreatiewe proses ontstaan waarbinne verwondheid en eensaamheid as geleentheid om deur die grense van eie beperkings te groei, benut kan word.

Nouwen (1979:85) maak in hierdie verband die volgende opmerking: "When the minister lives with these false expectations and illusions he prevents himself from claiming his own loneliness as a source of human understanding, and is unable to offer any real service to the many who do not understand their own suffering." Nouwen se opmerking dat pastors hulle eie eensaamheid as toegang tot insig in menslike ervaring behoort te beskou is van groot belang. Deur op hierdie wyse met hulle isolasie om te gaan, beleef pastors hulleself as deel van die groter mensdom en nie as apart en uniek nie. Sodanige insig

bemagtig pastors om nie in pessimisme oor hulle unieke beroepsdilemmas te verval nie, maar om waardering te ontwikkel vir ander mense se omstandighede en die wyse waarop ander met hulle pyn, verwonding en frustrasie omgaan. Dit bemagtig pastors verder om op verskeie vlakke aanknoping tussen hulle eie en ander se lewensverhale te vind.

Pastors ervaar nie net op persoonlike vlak eensaamheid nie, maar ook op professionele vlak omdat hulle beleef dat die professionele impak wat hulle op mense maak, aan die verdwyn is (Nouwen 1979:85; vgl Muller 2002b:19-37). Die gevolg hiervan word op die volgende wyse deur Nouwen (1979:86, 87) verwoord: “The painful irony is that the minister, who wants to touch the center of men’s lives, finds himself on the periphery, often pleading in vain for admission ... That is our lonely position: We are powerless, on the side ... The wound of our loneliness is indeed deep ... It is this wound which he is called to bind with more care and attention than others usually do.” Sinvolle nadenke en refleksie oor hulle eie eensaamheid en verwondheid kan pastors tot die insig bring dat hulle eie ervarings as ’n bron van heelwording vir ander mense kan dien. Een van die dilemmas waarin pastors hulleself bevind is die verwagting (hulle eie verwagting en ook dié van ander) om ’n geloofsgemeenskap te help vorm en in stand hou. Dit kan daartoe lei dat pastors besig raak met sake wat hulle wegneem van hulle eie pyn.

Omdat pastors mense is en in ’n omgewing leef en werk wat op effektiwiteit, spesialisasie en prestasie ingestel is, word hulle gekonfronteer met die vraag oor hoe relevant en effektief hulle bediening is. Moontlik is pastors se diepste ervaring van isolasie, eensaamheid en verwondheid op hierdie vlak geleë. Pastors is daarop ingestel om mense te help. Daarom kan dit belemmerend op hulle intra- en interpersoonlike verhoudings inwerk wanneer hulle hoor en ervaar dat hulle bediening mank gaan aan relevansie (Nouwen 1998:15-22). Nouwen is van mening dat pastors sodanige ervaring van irrelevansie te bowe kan kom juis deur hulleself as irrelevant te beskou. Sy motivering hiervoor is

geleë in sy omgang met verstandelik gestremde mense, nadat hy vir twee dekades 'n akademikus aan drie bekende universiteite in die VSA was. In 'n prestasie gedrewe wêreld word verstandelik gestremde mense gemarginaliseer. Dit is in so 'n inrigting (L'Arche Daybreak Centre in Toronto, Kanada) dat Nouwen tot bepaalde insigte oor Christelike leierskap gekom het en daarvoor reflekteer (1998). Nouwen se alternatief op relevansie is reflektering oor die vraag van Jesus aan Petrus: "Het jy My lief?" (Joh 21:15-17). Nouwen (1998:24) is van mening dat pastors lewenssin kan vind in "... the heart of God, a heart that forgives, that cares, that reaches out and wants to heal."

Borg bespreek in sy boek *The heart of Christianity* (2003) die inhoud van "God se hart" en benoem dit met een woord, naamlik *Jesus*: "And we know about God – about God's character and passion – most decisively through Jesus" (Borg 2003:80). Die Christelike godsdiens verskil in hierdie opsig van ander godsdienste, naamlik dat God in 'n persoon aan mense bekend word. Borg bied 'n ander perspektief op Jesus en die lees van die tekste oor Jesus, as die vroeëre letterlike lees van die tekste en interpretasie van Jesus se betekenis op grond daarvan. Hy noem hierdie ander perspektief 'n "historical-metaphorical approach" (Borg 2003:81). Hy is van mening dat laasgenoemde benadering nie die belangrike plek wat Jesus binne die Christelike geloof beklee, wegkalwe nie, maar dat dit vir baie mense vir wie tradisionele geloofsbelydenisse nie meer sin maak nie, die moontlikheid open om steeds hulle geloof in God te kan bely en uitleef.

Nouwen wys ook op 'n ander kant wat hy 'n "tweede liefde" noem. Dit is mense se soeke na aanvaarding, liefde, simpatie en aanmoediging. Wanneer dit ontbreek, beleef mense die verwondheid van verwerping, straf, geweld, afdreiging en selfs haat (Nouwen 1998:26). Hierdie verwondheid noem Nouwen (1998:27) "... the shadow side of the second love ... (that) reveal(s) the darkness that never completely leaves the human heart." Pastors kan dit

moeilik vind om te erken dat daar 'n donker kant aan hulle menswees is en dat dit in hulle lewens realiseer op wyses waarvan hulle nie altyd bewus mag wees nie. Nouwen ([1969] 2000; 1979; 1998; 1992; [1992] 1994; 2001), asook die nagevorste literatuur oor emosionele intelligensie (hoofstuk 5 hieronder), beklemtoon die belangrikheid van insig in die self vir sinvolle intra- en interpersoonlike groei.

Dit kan lei tot 'n sinvolle verhouding met God en kan in stand gehou word deur kontemplatiewe gebed, waardeur pastors sin kan vind in God se liefde vir hulle soos dit in Jesus tot uitdrukking gekom het (Nouwen 1998:29-31). Nouwen se alternatief is nie dat pastors opgeleide sielkundiges moet wees om hulle eie en ander mense se verwonding sinvol te kan integreer nie, maar is geleë in 'n bepaalde spiritualiteit. Hierdie spiritualiteit is gegrond in Jesus van Nasaret as verbeelding van God se liefde. In hierdie verband is Dreyer (2002a:43-61) se refleksie oor kerklike gesag vanuit die perspektief van "God as vriend" van belang. Oor Jesus sê sy (2002:44-45): "The ethics of Jesus, who for me is the human face of God, elucidates the perspective on God as friend in a special way. The idea of leadership from the perspective of friendship highlights a pastoral rather than a power oriented approach to leadership." In terme van Nouwen se spiritualiteit beteken dit dat pastors sin vind in Jesus se ingesteldheid en optrede teenoor mense en dit in hulle eie lewens integreer. Hierdie integrering is deel van die individuasiëproses by pastors en dit vorm deel van 'n breër ontwikkeling van pastors se spiritualiteit.

Die wyse waarop Jesus God se vriendelike gesig aan mense getoon het, het aan hulle hoop gegee in hulle omstandighede, in besonder in die eerste eeuse Mediterreense wêreld waar die waardes van eer en skande 'n belangrike rol gespeel het in die wyse waarop daar oor mense en objekte gedink is (Malina 2001:27-57). Eer en skande in die Mediterreense wêreld hang saam met die universele verskynsel in alle kulture dat daar sosiale grense bestaan

waarvolgens mense, dinge en gebeure geklassifiseer word. Jerome Neyrey (1990:22; vgl Malina 2001:27-30) formuleer dit soos volg:

Most social groups are accustomed to perceive and to put order into the chaos of their universe. They value orderly structures and attempt to classify each and every person and thing appropriately. Thus they find a “place for everything and everything in its place”. We label this penchant for abstract systems of order and classification “purity”, and the concerns for order and classification are called “purity concerns”.

Deur bepaalde sake as rein of onrein te klassifiseer, maak mense 'n waardeoordeel en etiketteer tegelyk so 'n saak as “sleg”/“goed” en “reg”/“verkeerd”. Hierdie waardeoordele is kultureel bepaald (Neyrey 1990:23; Malina 2001) en daarom ontstaan daar dikwels konflik tussen mense uit verskillende kultuurgroepe wanneer hulle nie mekaar se kulturele konvensies in ag neem nie. In Jesus se wêreld is melaatses, prostitute, tollenaars, sondaars, mense met liggaamlike gebreke, seuns sonder vaders en vele meer volgens die Joodse godsdienstige konvensies as onrein beskou. In sy bediening bemoei Jesus hom veral met hierdie gemarginaliseerdes in die samelewing. Wanneer hy met hulle oor God se koninkryk praat, is dit om hoop en daarmee saam genesing aan hulle te skenk. In daardie samelewing is sulke mense nie as eerbaar beskou nie. Beskouings oor rein en onrein in die huidige Suid-Afrikaanse konteks sal ook van kultuur tot kultuur verskil. Daar sal selfs binne een kulturele groepering verskillende sienings oor dieselfde saak aanwesig wees. Die huidige kerklike debat oor homoseksualiteit is 'n voorbeeld van verskillende perspektiewe binne dieselfde kerk, wat wissel van homofobie aan die een kant, tot volledige aanvaarding aan die ander kant.

Dit is opmerklik dat Jesus nie mense wat kultureel onaanvaarbaar was, of “sonde gedoen” het, verwerp het nie, maar hulle onvoorwaardelik aanvaar en in ere herstel het (Mark 1:40-42; 5:1-20; Luk 7:36-50; Joh 8:1-11). Hierdeur

het mense hulle menswaardigheid wat deur onmenslike konvensies van hulle af weggeneem is, terug ontvang en kon 'n proses van genesing in hulle lewens begin. Binne daardie gemeenskap het dit beteken dat hulle weer as rein geag is, dat hulle eer ontvang het en hulle “plek” in die samelewing kon inneem. Aangesien die postmoderne kultuur baie van die premoderne kulture verskil, sal pastors op deurdagte wyse “ideologiekritiek”<sup>12</sup> met betrekking tot huidige kulturele konvensies moet toepas, ten einde te bepaal op watter wyse mense vandag verwond word en op watter wyses “eer en skande” steeds 'n rol in mense se denke speel. Pastors sal die *evangeliese waardes* van dit wat Jesus geleef en gekommunikeer het moet begryp en dit op so 'n wyse reflekteer dat mense hoop en genesing kan ervaar.

Pastors kan dit wel doen, indien hulle hul eie verwonding ernstig opneem en dit as bron van genesing aanwend. Daarom lui Nouwen (1979:87) die laaste deel van sy refleksie oor die gewonde geneser in met die vraag: “How can wounds become a source of healing?” Pastors se erkenning van hulle verwonding beteken nie dat hulle bloot teenoor ander mense erken dat hulle ook met soortgelyke probleme as daardie mense worstel en van mening is dat dit op sigself mense sal help nie: “Making one’s own wounds a source of healing, therefore, does not call for a sharing of superficial pains but for a constant willingness to see one’s own pain and suffering as rising from the depths of the human condition which all men share” (Nouwen 1979:87). Pastors behoort hulleself nie as kundiges te beskou met antwoorde aanbied op al hulle kliënte se probleme nie, maar as “vulnerable brothers and sisters who know and are known, who care and are cared for, who forgive and are forgiven, who love and are being loved” (Nouwen 1998:42-43).

---

<sup>12</sup> Van Aarde (2005a:687) gee die volgende omskrywing van die begrip “kultuurkritiek”: “A ‘cultural-critical’ disposition in Christian theology is to question whether meaningful life depends on a Christian’s acceptance and conformity of these ‘orders of creation’ as divine imperatives. Since such compliance was biblically legitimated as God’s will and wisdom, cultural criticism seeks for another theological validation that can create space for ‘another wisdom.’”

Die titel van 'n versameling ongepubliseerde werke van Nouwen wat postuum in 2001 uitgegee is naamlik, *Turn my mourning into dancing*, illustreer hoe hy die proses van heling beskou. Hy haal Psalm 30:12 aan, "Ek was in rou, maar U het my van vreugde laat dans ...." om daarmee uitdrukking te gee aan die gedagte dat God naby is wanneer mense hartseer is en treur (Nouwen 2001:13). Die danser, Jesus, strek sy hand uit na diegene wat ly. Hy nooi hulle uit om te begin beweeg en begelei hulle stap vir stap totdat die bewegings oorgaan in 'n vreugdevolle dans. Sonder die nabyheid van God ervaar mense hulle verwonding as verlamdend en raak hulle vasgevang in angste en word wanhopig van pyn en smart. Saam met God kan vrees en angste verdwyn, omdat God barmhartig en liefdevol is.

Dit is belangrik dat pastore hulle eie gebrokenheid sal erken. Hierdie gebrokenheid sluit in dat pastore ander mense skade kan berokken. Een van die dilemmas wat hierdie saak egter bemoeilik, is 'n ampsbeskouing, of leierskapbeskouing en -styl in Christelike geloofsgemeenskappe waar die klem op 'n outoritêre beskouing van gesag geplaas word. Binne sodanige beskouing sal pastore se erkenning van hulle eie verwondheid as belemmerend vir hulle funksionering ervaar word.

Teenoor 'n moontlike beswaar dat sy konsep van gewonde geneser morbied kan klink en tot selfkastyding kan lei, reflekteer Nouwen (1979:89-94) aan die hand van die perspektief van gasvryheid, met die doel om 'n positiewe lig op sy refleksie oor die gewonde geneser te laat val en motiveer sy keuse vir die perspektief van gasvryheid soos volg:

I like to use the word hospitality, not only because it has deep roots in the Judaeo-Christian tradition, but also, and primarily, because it gives us more insight into the nature of response to the human condition of loneliness. Hospitality is the virtue which allows us to break through the narrowness of our own fears and to open our houses to the stranger, with the intuition that salvation comes to us in the form of a tired traveller.

But it has become very difficult for us today to fully understand the implications of hospitality. Like the Semitic nomads, we live in a desert with many lonely travellers who are looking for a moment of peace, for a fresh drink and for a sign of encouragement so that they can continue their mysterious search for freedom.

Gasvryheid hou in dat pastors persoonlike aandag sal gee aan die persoon/-e saam met wie hulle op 'n gegewe moment is. 'n Verskeidenheid van sake kan pastors verhinder om op hierdie wyse gasvryheid aan iemand te betoon. Pastors kan besig raak met vol programme, asook hulle eie vooroordele, behoeftes en bekommernisse, wat daartoe kan lei dat hulle nie in staat is om aandag te skenk aan die mens/-e by wie hulle is nie. 'n Verdere saak wat pastors kan verhinder om aan mense aandag te gee, kan wees dat hulle bybedoelings het met hulle betrokkenheid by iemand (Nouwen 1979:90). In so 'n geval gaan dit vir pastors om die vraag wat hulle uit ander mense kan kry en hoe ander mense "... our unrecognized need for sympathy, friendship, popularity, success, understanding, money or a career [en soeke na mag] ..." (Nouwen 1979:90) kan vervul.

Hier is sprake van 'n paradoks. Deur uit respek vir ander mense op hulle eie innerlike wêreld te konsentreer, kan pastors vir ander mense 'n ruimte skep waarbinne hulle gasvryheid (vredevolle ruimte) kan beleef. James Hillman (1987:15-39) wys daarop dat hierdie ruimte van vrede tussen persone ontwikkel deurdat hulle na binne keer en en hulleself leer ken en vanuit daardie intmiteit met die self kan intieme relasies met ander begin groei. Sodanige inkering in die self, beteken nie dat pastors vir God oorbodig verklaar nie, maar wel dat hulle God as bron van hulle lewe ontdek. Nouwen (1979:91-92) verwoord dit so: "When we have found the anchor places for our lives in our own center, we can be free to let others into the space created for them and allow them to dance their own dance, sing their own song and speak their own language without fear. Then our presence is no longer threatening and demanding but inviting and liberating."



Op hierdie wyse kan pastors se bediening as bediening van genesing (heelwording) beskou word. Wanneer pastors aan ander mense 'n ruimte bied waarbinne hulle veilig kan voel, kan hulle (pastors) ook hul eie innerlike ontdek. Die pastorale relasie stel mense in staat om heel en geïntegreerd te lewe. Menswees is multidimensioneel – dit sluit liggaamlike, spirituele, emosionele en kognitiewe dimensies in, wat in relasie met mekaar staan. In elke menslike verhouding waar aanvaarding, nabyheid en warmte ervaar word, bestaan die moontlikheid tot genesing. Die kwaliteit van die verhouding bepaal of genesing ervaar sal word of nie. Die doel van 'n pastorale relasie is om 'n ruimte te skep wat bevorderlik is vir heling en integrasie. Geïntegreerde mense funksioneer as een geheel en kan effektief met hul lewensituasies omgaan.

Hierdie perspektief op pastors se bediening kan as vreemd ervaar word, in besonder vir pastors binne 'n Reformatoriese teologiese tradisie waarbinne daar klem geplaas word op die verkondiging van die Woord. Sodanige teologiese tradisie kan daartoe aanleiding gee dat die Bybel, teologie, dogma en belydenisse aangewend word as 'n raamwerk met ondeurdringbare sykkante, waarbinne alle moontlike vrae en probleme van mense beantwoord kan word. Dit kan die verdere gevolg hê dat pastors hulleself moontlik kan sien as mense wat ander mense se pyn en innerlike worsteling moet wegneem. Nouwen (1979:92) argumenteer anders oor hierdie saak:

Why is this ministry healing? It is healing because it takes away the false illusion that wholeness can be given by one to another. It is healing because it does not take away the loneliness and the pain of another, but invites him to recognize his loneliness on a level where it can be shared.

A minister is not a doctor whose primary task is to take away pain. Rather, he deepens the pain to a level where it can be shared. When someone comes with his loneliness to the minister, he can only expect that his loneliness will be understood and felt, so

that he no longer has to run away from it but can accept it as an expression of his basic human condition.

Dit lyk asof Nouwen homself oënskynlik weerspreek. Nouwen (1979:93) stel dat pastors se bediening konfronterend van aard is en daarom nie toelaat dat mense leef met 'n valse verwagting op onsterflikheid en heelheid nie. Die moontlike weerspreking klink in die tweede deel van die vorige sin. Aan die een kant noem Nouwen die perspektief wat hy voorstaan 'n bediening wat lei tot heelheid, maar aan die ander kant noem hy hoop op heelheid 'n valse illusie. Hy argumenteer dat mense se erkenning van hulle eie sterflikheid en gebrokenheid hulle tot die insig kan bring dat bevryding (heelwording) *moontlik* is. Dit wil voorkom asof Nouwen 'n té optimistiese beskouing van pastors se bediening aan mense op hierdie wyse probeer temper. Hierdie dialektiese spanning in sy beredenering kan as verklaring dien vir 'n oënskynlike weerspreking en moet verstaan word binne die konteks dat pastors hulleself nie as redders van mense behoort te beskou nie, maar as *gewonde genesers* wat saam met ander na heling en integrering soek. Met so 'n ingesteldheid kan gedeelde innerlike wonde pastors help om saam met ander die misterie van God en van die lewe te ontdek. Te midde van so 'n gesamentlike soektog kan gasvryheid lei tot gemeenskap. Christelike geloofsgemeenskappe is helende gemeenskappe, nie omdat wonde noodwendig gesond gemaak word en pyn verlig word nie, maar omdat wonde en pyn deurgangstroetes word wat tot nuwe visie en uitsig op die lewe lei. In hierdie deurgangstroetes dien pastors volgens Nouwen (2000:231-279) as “living reminders” van Jesus.

In sy werk, *The living reminder* ([1969] 2000), ondersoek Nouwen die verband tussen pastorale sorg en spiritualiteit binne die konteks van *herinnering*. Nouwen neem drie temas van sy leermeester, Seward Hiltner, oor om die tema van herinnering te ontplooi, naamlik “healing, sustaining, and guiding” en formuleer sy verstaan van pastors se bediening as *helende* herinnering, *ondersteunende* herinnering en *begeleidende* herinnering (Nouwen 2000:237).

Herinnering is belangrik, hoewel dit soms pynlik kan wees, want wat nie onthou word nie kan nie op sinvolle wyse verwerk word nie. Mense onthou verskillende gebeure in hulle lewens op hul eie, unieke maniere. Hierdie herinneringe staan nie los van mense se emosionele belewenisse oor wat met hulle gebeur nie. Die geykte Christelike uitspraak, “vergewe en vergeet”, dien as voorbeeld van die rol wat herinnering van emosionele trauma in die helingsproses inneem. Mense kan nie traumatiese gebeure soos byvoorbeeld verkragting vergeet en maklik vergewe nie (kyk van der Schaaf & Dreyer 2004:1127-1147). Vergifnis is nie om te vergeet wat gebeur het nie, maar om te kies om op ’n ander wyse te onthou. ’n Vrou kan kies om haarself nie meer as slagoffer te beskou omdat sy geweld aangedoen is nie, maar om haarself op verskillende wyses te bemagtig. Een van die maniere is om haar emosies oor die gebeure te erken en verantwoordelikheid vir daardie emosies te aanvaar. Sodoende kan sy op ’n emosioneel intelligente wyse met haar herinneringe begin omgaan en gebeure uit die verlede sinvol in haar lewe integreer.

Pastors kry dikwels te doen met lyding wat mense as gevolg van herinneringe uit die verlede ervaar. Hierdie pynlike herinneringe verwond mense omdat dit diep in die menslike psige verskuil lê en moeilik is om op te diep as gevolg van die pyn wat daaraan gekoppel is (vgl Mattoon 1981:23). Nouwen (2000:242) argumenteer soos Jung dat onverwerkte onbewustelike informasie die vorm van komplekse (Nouwen noem dit “independent forces”) kan aanneem wat mense se funksionering belemmer en daartoe lei dat mense van hulleself vervreem raak. Deur pynlike herinneringe te onderdruk ontnem mense hulleself die geleentheid tot transformasie. In Matteus 9:9-13 sê Jesus: “Dié wat gesond is, het nie ’n dokter nodig nie, maar dié wat siek is. Gaan leer wat dit beteken: ‘Ek verwag barmhartigheid en nie offers nie.’ Ek het nie gekom om mense te roep wat op die regte pad is nie, maar sondaars.” Die konteks waarin hierdie uitspraak gemaak word is Jesus se roeping van Matteus, ’n

tollenaar, as dissipel en Jesus se ete daarna saam met tollenaars en sondaars in Matteus se huis, waaroor 'n groep Fariseërs Jesus se dissipels konfronteer. Die bedoeling is dat Jesus se optrede onaanvaarbaar is. Volgens David Bartlett (2006:30) is die “irony of course ... that as the Gospel [of Matthew] unfolds it will be clear that the Pharisees suffer a kind of sickness unto death.” *Jesus* word egter deur Matteus voorgestel as die geneesheer wat heelmaak en vergewe. Die aanhaling van Hosea 6:6, naamlik: “Ek verwag barmhartigheid en nie offers nie”, bring die gedagte na vore dat Jesus God se barmhartigheid aan sondaars en tollenaars bewys, terwyl die godsdienstige leiers hulle veroordeel. In die eerste-eeuse Mediterreense wêreld was die saamwees aan tafel vir 'n ete 'n aanduiding daarvan dat almal om die tafel mekaar se gelykes is. Jesus se ete saam met sondaars en tollenaars is in ooreenstemming met God se wil, omdat God aan alle mense genade betoon (Matt 5:43-47). Jesus se optrede en woorde dui daarop dat die godsdienstige leiers ontbreek aan barmhartigheid. Carter (2000:221) formuleer dit soos volg:

Their vision of differentiated, not inclusive, communities and their refusal to recognize that Jesus' act of eating with the marginals manifests God's saving reign indicate that they do not understand that God's will centers on God's mercy and God's steadfast love (Exod 34:5-6; Matt 15:13; 21:18-22:46). They must learn a faithfulness which enacts God's all-embracing and indiscriminate love (5:45) and destroys all gender, status, class, religious, political, and socioeconomic barriers.

Deur saam met sondaars aan tafel te wees, illustreer Jesus God se helende teenwoordigheid. In Jesus word dit duidelik hoe God oor mense “dink en voel”. Jesus se lewe en bediening was nie op homself gerig nie, maar op God. Wanneer iemand voor Jesus neerval en hom “goeie leermeester” noem, antwoord Jesus dat niemand goed is nie, behalwe God alleen (Mark 10:17-18). Jesus se hele bediening was daarop gerig om aan mense te toon dat God hulle liefhet ongeag wie en wat hulle is. Borg (2003:97) formuleer dit soos

volg: “The death of Jesus – his execution – was because of his passion for God and God’s justice. And because we see Jesus as the revelation of God, we see in his life and death the passion of God. He discloses both the character and passion of God.”

Pastors dien dus nie net as herinneringe aan mense se pyn nie, maar indien hulle mense help om hulle eie lyding met die lyding van Jesus te verbind, kan hulle lewende herinneringe word aan Jesus self. Heelwording beteken derhalwe nie dat mense se pyn weggeneem word nie, maar om individuele lyding met die groter verhaal van menslike lyding in verband te bring. Niks in die lewe val buite die bereik en die genade van God nie, soos Jesus in sy optrede teenoor mense aangetoon het. Vir pastors is die uitdaging om self die insig te ontwikkel dat lyding as deel van God se teenwoordigheid in die wêreld gesien word en dat iemand wat verwond is nie buite die ruimte van God se deernis en barmhartigheid verkeer nie.

Om op hierdie wyse te funksioneer vra meer as die aanwending van vaardighede en tegnieke. Gewonde genesers genees deur op ’n bepaalde wyse by mense *teenwoordig te wees*, naamlik met ’n diepgaande spiritualiteit, wat Nouwen (2000:246) noem: “a way of living in the spirit by which all we are and all we do becomes a form of reminding.” Pastors het meer as die sosiale wetenskappe nodig om as gewonde genesers op te tree. Sosiale wetenskappe soos die psigologie stel pastors in staat om te weet waarom mense verwonding en pyn ervaar. Spiritualiteit stel pastors voor die uitdaging om die werking van God se Gees in tye van verwonding en pyn te ontdek. Spiritualiteit spruit voort uit die oortuiging by pastors dat hulleself met hulle eie wonde deur die genade van God omvou word en dat God hulle help om genesing te ervaar.

Nouwen (1998:65-70) is daarom van mening dat pastors die dissipline van teologiese refleksie benodig om te ontkom aan die geneigdheid tot mag en

oorheersing. Sonder om die bydrae van sosiale wetenskappe tot die vorming en bediening van pastors te negeer, pleit Nouwen vir teologiese refleksie wat daarop uitloop dat mense nie net gehelp word om binne hulle omstandighede te oorleef nie, maar wat help om God se teenwoordigheid in mense se lewens te artikuleer: “Theological reflection is reflecting on the painful and joyful realities of every day with the mind of Jesus and thereby raising human consciousness to the knowledge of God’s gentle guidance” (Nouwen 1998:68). Vir Nouwen gaan dit nie net om teologie as intellektuele onderneming nie, maar om spiritualiteit as ’n proses en ruimte wat die hele menswees insluit. Binne die raamwerk van hierdie studie beteken dit ’n kombinering van pastors se intellek en hulle emosies. Deur só, outentiek en sinvol, met hulle wonde om te gaan word pastors vir mense ’n herinnering van God se genade en ontstaan daar hoop in mense se lewens.

Pastors is daarom *gewonde* genesers, naamlik diegene wat na hulle eie wonde omsien maar tegelyk ook gereed is om die wonde van ander te help heel. Die heling van wonde is ’n voortgaande proses, aangesien mense voortdurend verwond raak. Pyn, teleurstelling en trauma is deel van mense se interpersoonlike verhoudings, asook hulle interaksie met hulle omgewing. Om as *gewonde* genesers met mense om te gaan vra van pastors ’n diepliggende ingesteldheid van ontferming (deernis, barmhartigheid, medelye). Dit vra ook van pastors die vermoë om vertrouwd te wees met die dinamiek van hulle innerlike psigologiese prosesse, waarby emosionele prosesse ingesluit is en om daardie innerlike wêreld te kan artikuleer (Nouwen 1979:38), soos in die literatuur oor emosionele intelligensie as die bewuswording en verbalisering van emosies beredeneer word.

Vir Nouwen (1979:37-38) is die kern van die artikulering van innerlike prosesse dat pastors met die bron van die lewe, naamlik God, kan kommunikeer. Om op hierdie wyse met God bekend te raak beteken dat pastors ook bekend raak met hulleself. Deur na God te luister kan ander God deur hulle ontmoet en

word ontfermende pastorale sorg moontlik. Om God te ontmoet is afsondering en stilte nodig. Daardeur word 'n pastorale indentiteit met God as bron ontwikkel en word pastors vry om ontferming te betoon. Ontferming met mense is meer as "menslikheid" en ook meer as om mense "jammer te kry". Vir Nouwen beteken ontferming om medelye met mense te hê en beklemtoon hy die betekenis van "mee *ly*", naamlik om saam met ander swaar te kry: "Compassion asks us to go where it hurts, to enter into places of pain, to share in brokenness, fear, confusion, and anguish" (Nouwen 1983:41). Om ander mense se pyn en lyding binne te tree en daarin te deel is nie mense se normale reaksie nie. Dit vra 'n doelbewuste keuse van pastors om saam met die swakkes swak te wees, weerloos saam met die weerloses en magteloos saam met die magteloses. In die Evangelies roep Jesus sy dissipels om by hom te leer en soos hy op te tree (Mark 6:13; Luk 9:6). As "healed healers" was hulle taak om te preek, te genees en duiwels uit te dryf (Davies 1995:107). Geneesde genesers is egter nie mense wat vanuit 'n gesagsposisie met mense omgaan nie, maar mense wat bewus is van hulle eie verwondheid en swakheid en daarom in solidariteit met ander in hulle verwonding en pyn identifiseer. Wat die Matteus-evangelie betref, sê Bartlett (2006:31) die volgende:

Matthew 10:24-25 sets the context. If the disciples are not greater than the master, then they should expect the same mistreatment that their master received. That is the hard news. The good news is that they *are* related to Jesus; they are disciples of the one great teacher and servants of the one true Lord and members of his household. (Incidentally this is one of the few places in Matthew where the term "disciple" is used rather narrowly to refer to the student of an authoritative teacher.)

Die dissipels het dit moeilik gevind om hierdie saak te begryp. Markus toon in sy evangelie aan dat Petrus (Mk 8:29-30), die twaalf (Mk 9:33) en die seuns van Sebedeus (Mk 10:35-45) onder die indruk verkeer dat hoë posisies van

eer in God se koninkryk belangrik is. Vir Markus is Jesus egter die verpersoonliking van die profesieë in Jesaja (11:1-2; 3-4; 6), naamlik dat die Messias 'n *dienskneg* is wat by die armes teenwoordig is.

Nouwen (1998:16-17) verwoord, na aanleiding van sy ervaring met gestremde mense in die L'Arche Daybreak gemeenskap, die innerlike motivering wat van pastors gevra word soos volg:

These broken, wounded, and completely unpretentious people forced me to let go of my relevant self – the self that can do things, show things, prove things, build things – and forced me to reclaim that unadorned self in which I am completely vulnerable, open to receive and give love regardless of any accomplishments.

I am telling you this because I am deeply convinced that the Christian leader of the future is called to be completely irrelevant and to stand in this world with nothing to offer but his or her own vulnerable self. That is the way Jesus came to reveal God's love.

Dit is nie pastors se natuurlike reaksie om niks te hê om aan te bied behalwe hulle innerlike verwondheid nie, want in die sukses-gedrewe wêreld waarin hulle lewe word van hulle gevra om hulle professionaliteit en bekwaamheid te bewys. Hier word ook nie beweer dat pastors hulleself nie teologies en andersins sal bemagtig nie. Wanneer daar op deurdagte en verantwoordelike wyse met die teologie omgegaan word, kan pastors egter wel by die kern van Nouwen se argumente te staan kom, naamlik dat daar nie op meerderwaardige wyse met mense omgegaan kan word nie.

Kennis van en insig in die Bybel en buite-Bybelse literatuur, die sosiaal-kulturele omgewing daarvan en teologiese tradisies dien tot bemagtiging van pastors om die relativiteit, maar ook die sin en betekenis, van hulle bediening te kan fundeer en met verantwoordelikheid uit te voer. In 'n wêreld waarin mense elke dag suksesvol, produktief en effektief moet wees, ervaar hulle



eensaamheid, isolering, gebrek aan vriendskap en intimiteit, gebroke verhoudings, verveeldheid, leegheid en depressie en 'n diepliggende ervaring van sinloosheid. Nouwen argumenteer dat mediese tegnologie en gewettigde aborsies die geboorte van gestremde mense beperk, maar dat meer en meer mense spirituele en morele gestremdhede ervaar en nie weet waarheen om te gaan vir heelwording nie. Hierdie ervarings bied aan pastors die geleentheid “to enter into a deep solidarity with the anguish underlying all the glitter of success and to bring the light of Jesus there” (Nouwen 1998:22). Met hierdie formulering beklemtoon Nouwen weer eens sy verstaan van pastors se medelye met mense. Vir Nouwen begin medelye in pastors se lewens by die vraag wat Jesus aan Petrus gevra het: “Het jy My lief?” (Joh 21:15-17). So 'n verhouding met Jesus beteken om insig te hê daarin dat God mense liefhet en vergewe; dat God besorgd is oor mense; dat God na mense uitreik en hulle wil genees; en dat God se gesindheid teenoor mense nie deur wantroue, haat en afkeer gekenmerk word nie.

Vanuit 'n verhouding met 'n liefdevolle en medelydende God word pastors gemotiveer om ontfermend en helend by mense teenwoordig te wees, omdat hulle weet dat hulleself “healed, wounded healers” is. In 1 Johannes 4:16-21 word hierdie gesindheid verwoord deur te stel dat God liefde is, dat mense mekaar net kan liefhê omdat God hulle eerste liefgehad het en dat mense (pastors) se liefde vir God na vore kom in hulle liefde vir ander mense. Pastors se liefde vir God kom na vore in hulle gesindheid en optrede teenoor ander mense.

Pastors is *gewonde* genesers, nie omdat hulle ander mense met hulle pyn belas nie, maar omdat hulle hul eie verwonding aanvaar as 'n middel waardeur hulle van hulle eie en ander se menswees bewus kan raak. Gemeenskap tussen pastors en ander kom na vore wanneer wonde en die pyn wat daarmee saamhang, met mekaar gedeel word. Hierdie deel van mekaar se pyn het egter nie 'n verstikkende effek nie, maar laat pastors en die mense by wie hulle

betrokke is die genade en genesing van God raaksien en ervaar. Op hierdie wyse word mense se wedersydse erkenning van hulle verwonding 'n proses waaruit hoop en genesing gebore kan word en nuwe lewe tot stand kom: "...no one can help anyone without becoming involved, without entering with his whole person into the painful situation, without taking the risk of becoming hurt, wounded or even destroyed in the process. The beginning and the end of all Christian leadership is to give your life for others" (Nouwen 1979:72).

Siek mense ervaar hulle verwonding nie slegs aan hulle liggame nie, maar hulle ervaar dat ook hulle stemme dikwels "beseer" is (Frank 1995:xii). Hierdie "stemloosheid" bestaan daarin dat hulle nie geleentheid gegun word om hulle verhale te vertel nie, of dat hulle verhale nie ernstig geneem word nie. Die vertel van hulle verhale vorm 'n belangrike deel van hulle helingsproses. Pastors kan 'n soortgelyke "stemloosheid" ervaar as gevolg van emosionele verwonding, veral indien hulle deel is van geloofsgemeenskappe waar emosies en godsdiens nie met mekaar in relasie gebring word nie. Dit is geloofsgemeenskappe wat 'n verhouding met God veral vind in die nasê van tradisionele teologiese proposisies. Indien pastors en ander mense nie die geleentheid gegun word om hulle verhale met al die fasette van lig en donker, hoop en wanhoop, geloof en twyfel te vertel nie, word hulle die geleentheid ontnem om verantwoordelikheid vir hulle lewens te aanvaar. Søren Kierkegaard (1987:260) stel dat die vertel van 'n lewensverhaal van verwonding 'n etiese handeling is en dat die vertelling van hulle lewensverhale mense in staat stel om verantwoordelikheid vir hulle eie lewens te neem. In die proses van vertelling herwin mense hulle stemme en word hulle verhale ook getuienisse van omstandighede waaronder ander stemloos raak. Maar wanneer een persoon haar stem herwin, begin baie ander deur daardie verhaal praat. Die verhale van fisiese en emosionele verwonding, dood en trauma wat tydens die sittings van die Waarheids- en Versoeningskommissie in Suid-Afrika in die laaste dekade van die vorige eeu ontvou het, dien as illustrasie van die wyse waarop mense se "wounded narratives" ander mense

bemagtig het om ook hulle verhale te vertel. Die “wounded healer” metafoor en emosionele intelligensie bied aan pastors die psigologiese en konsepsuele ruimte om hulle eie lewensverhale te kan verbaliseer en op dié wyse ook verantwoordelikheid te kan aanvaar vir die wyse waarop daardie verhale hulle teologie, pastorale identiteit en bediening beïnvloed.

Die huidige, postmoderne era vra vir ’n herevaluering van Christelike en kerklike leierskap. Tot op hede word pastors se identiteit en funksionering in gemeentes in amptelike stukke van die geloofsgemeenskap waarvan ek deel is op outoritêre wyse beredeneer. Die wyse waarop daar wel in genoemde dokumente besin word, vind uitdrukking in magsgeoriënteerde en outokratiese taal. Hierdie saak is reeds met voorbeelde in hoofstuk 1 hierbo geïllustreer. Teologiese refleksie laat egter duidelik word dat ’n outoritêre “ampsbeskouing” in ’n postmoderne era ’n anomalie verteenwoordig. ’n Sinvolle lees van die Bybel bring pastors nader aan ’n beskouing oor “leierskap” in die kerk wat *dien* en nie *regeer* nie. ’n “Ampsbeskouing” wat fokus op *regeer* staan direk teenoor die essensie van die kerk as liggaam van Christus wat in die wêreld bestaan om God en mens *te dien*. Van Staden (1991) argumenteer dat “compassion” die essensie van die lewe is. “Compassion” is kongruent aan *diens* en nie aan *regeer* nie. ’n Outoritêre uitoefening van mag ontmagtig mense. Die metafoor *gewonde geneser* bied ’n sinvolle korrektief op ’n outoritêre, ontmagtigende begroning van mag. Pastors wat van hulle eie verwonding bewus is en erken watter effek dit op hulle bediening het, vind dit moeilik om outokraties op te tree. Hulle begelei mense eerder op ’n “compassionate” wyse wat mense bemagtig om op grond van eie oortuiging ’n bepaalde manier van glo, dink en lewe te beoefen en nie op grond van outoritêre eise wat gestel word nie. Outoritêre beskouings van mag verteenwoordig wat James Barr (1969:150; 1973:27) “hard authority” noem. Die wyse waarop ’n samelewing gestruktureer word, is ’n voortgaande proses en onderliggend daaraan is talle ideologiese motiverings (kyk Van Aarde 2002:419-439). Sosiologiese analises dui aan dat *groepe* aan gemeenskappe

vorm gee (Dreyer 2002b:626). Die ideologiese motiewe van die oorheersende groep(e) in 'n bepaalde samelewing sal derhalwe die wyse waarop daardie samelewing gestruktureer word bepaal. Hierdie groepe formuleer en promulgeer die wette en reëls van 'n gemeenskap – formele wette sowel as “informal rules governing relations between individuals and structuring the varied encounters that make up everyday interaction” (Swingewood [1984] 2000:210). Kerklike gemeenskappe is nie van hierdie wyse van magstrukturering en magsuitoefening gevrywaar nie. In die kerk vind die praktiese vergestaltung van mag en gesagstrukture uitdrukking in belydenisskrifte, formuliere, Kerkordes en ander materiaal soos kategese handboeke. Hierdie praktiese verwoording hang saam met die wyse waarop teoloë en kerklike gemeenskappe oor God en Jesus dink en die beelde wat gebruik word om dit te formuleer. Die invloed van bepaalde beelde oor God op die wyse waarop pastors se identiteit en bediening geartikuleer word, word vervolgens in hoofstuk 4 bespreek.